# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (03/09)

*Justin Chadwick (23 Januarie 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

***GESEGDE VAN DIE DAG: "What Washington needs is adult supervision" Barack Obama***

## BACTROCERA INVADENS

'n Paar maande gelede het berigte in die media die onregverdige behandeling van die Suid-Afrikaanse owerhede met die verbod wat op die beweging van sekere vars produkte uit Kenia na Suid-Afrika geplaas is, uitgebasuin. Mosambiek het ook dieselfde klagtes gehad. 'n "Federal Quarantine Order" wat deur die Verenigde State se Departement van Landbou se Inspeksiedienste vir Diere- en Plantgesond uitgereik is moet 'n bewys wees dat die stappe wat deur die Suid-Afrikaanse Regering geneem is, gebaseer was op goeie fitosanitêre beginsels. Die voortsetting van hierdie invoerbeperkings is in die belang van almal wat vars produkte van Suid-Afrika na die Verenigde State uitvoer (en sekerlik sal ander lande dit ook volg). Die VSA se "Federal Quarantine Order" beperk die beweging van sekere vrugte en groente vanaf 3 Oosterse en 27 Afrika lande – insluitende Kenia, Zambië, Mosambiek en Namibië. Die rede – 'n nuwe vrugtevlieg met die naam *Bactrocera invadens* – wat Afrika waarskynlik vanaf Sri Lanka binnegekom het en nou ver en wyd oor die kontinent versprei. Die CGA en CRI is reeds 'n geruime tyd bewus van die gevaar wat hierdie vlieg inhou en het die regering versoek om alles in sy vermoë te doen om die verspreiding suidwaarts te keer. Die CGA/CRI het ook tesame met ander vrugsektore benodighede opgehoop ('n begroting van R1.7 miljoen is hiervoor op sy gesit) en 'n plan opgestel om enige binnekoms van die nuwe plaag te verhoed. Baie navorsing word gedoen (in samewerking met die navorsingsinstitute in Kenia en Benin) op behandelings en beheermaatreëls. Die insek is vir die eerste maal in Oos-Afrika in 2003 aangeteken en het sedertdien die verkeer se roetes in Sentraal-Afrika gevolg en geleidelik noord en suid gemigreer. Dit is die grootste bedreiging vir die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf se biosekuriteit in tye en produsente word versoek om deeglik op die uitkyk vir die plaag te wees. Ons is gelukkig om een van die kundiges op die plaag as 'n CRI-personeellid te hê (Aruna Manrakhan), en sy werk baie nou saam met die Departement van Landbou en produsente in die grensgebiede met navorsing, opnames en beplanning. Meer inligting is van CRI en CGA beskikbaar.

## CGA ROADSHOWS

Elke jaar besoek CGA se personeel die streke om die werksprogram, begroting en ander inligting vir die komende jaar te bespreek. Hierdie jaar se vergaderings sal fokus op strategieë vir die volgende paar jaar – ons sal met julle deel die CGA Raad en personeel se siening rakende wat die sleutel kompeterende aksies vir die kort tot medium termyn sal wees, hoe CGA beplan om die produsente te posisioneer om globaal kompeterend te bly en om van produsente te hoor wat hul glo wat sal bepaal hoe die sitruswêreld in die nabye toekoms gaan lyk.

Die eerste vergadering is volgende week in die Noord-Kaap – waar die CGA sy nuutste streek gaan verwelkom. Tydens die CGA AGM in 2008 is besluit om die Noord-Kaap streek naby Upington (moet nog formeel 'n naam kry) as 'n aparte CGA streek met 'n verteenwoordiger op die CGA Raad, in te sluit. Tot nou is hierdie streek deur die Vaalharts streek verteenwoordig, maar gegewe die afstand vanaf Vaalharts asook die uitbreiding van sitrus in die Bo-Oranje area, is daar besluit om die CGA streke tot agtien uit te brei. Die vergadering sal by die Kalahari Gateway Hotel in Kakamas om 19h00 plaasvind – die CGA Voorsitter (Hoppie Nel) sal my na die vergadering vergesel.

Die vergaderings in die ander streke sal vroeg in Maart plaasvind. Alhoewel kennisgewings rakende die finale reëlings (tyd en plek) binnekort uitgestuur gaan word, word produsente versoek om die volgende datums in hul dagboeke aan te teken. Paul Hardman, Jacomien de Klerk en Vaughan Hattingh sal Marble Hall (10/3 @ 14h00), Hoedspruit (11/3 @ 09h00), Letsitele (11/3 @ 14h30), Tshipise (12/3 @ 15h00), Boland (18/3 @ 08h30), Citrusdal (18/3 @ 14h00) en Hartswater (19/3 @ 14h00) besoek.

Ek sal saam met Hannes Bester of Hennie Le Roux by Nkwalini (3/3 @ 15h00), Richmond (4/3 @ 10h00), Patensie (10/3 @ 09h30), Sondagsrivier (10/3 @ 15h00), Katrivier (11/3 @ 10h00), Pongola (16/3 @ 14h00), Swaziland (17/3 @ 10h00), Nelspruit (18/3 @ 10h00) en Malelane (18/3 @ 15h00) wees.

**TEKEN ASSEBLIEF HIERDIE DATUMS IN JUL DAGBOEKE AAN EN KOM LUISTER HOE JUL HEFFINGS AANGEWEND WORD.**

## DIE EUROPESE VOEDSELVEILIGHEIDSLIGGAAM (EFSA) SE OPINIE RAKENDE CBS

In 2000 het Suid-Afrika 'n Pes Risiko Analise (PRA) ingedien wat bewys het dat Sitrus Swartvlek (CBS) nie 'n bedreiging vir die Europese Unie se sitrusproduksie inhou nie. Vroeg in laas jaar het die EU se "Standing Committee" – Plantgesondheid vir EFSA gevra om die PRA te evalueer en terugvoering te gee. EFSA het hul verslag bekend gemaak – in wese dui dit daarop dat hul mening is dat CBS wel 'n bedreiging vir Europa inhou en dat hul nie met Suid-Afrika saamstem nie. Ons sal nou die CBS kundiges kry om die wetenskaplike basis van EFSA se opinie te analiseer. As wesenlike verskille steeds bestaan, sal Suid-Afrika dit moet oorweeg om die aangeleentheid na die Internasionale Plantbeskermingskonvensie vir bemiddelling te verwys.

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**